**7 Februarie** **Skrifgedeelte: Matteus 27:11-26**
**HK, Vraag 38**

## Veroordeel vir ons vryspraak

Kinders van God het altyd in die optrede van Pontius Pilatus iets van die misterie van die heil raakgesien. Pilatus is die regter wat in die saak van Christus die amptelike vonnis vel. Hy verteenwoordig die Romeinse staat. Die Romeine het 'n voortreflike regsorde gehad. In die saak van Jesus Christus het daar 'n uitvoerige ondersoek in die openbaar plaasgevind. Jesus se veroordeling tot die kruisdood het gekom nadat die reg sy loop geneem het.

Pilatus het as regter Jesus se onskuld vasgestel. Hy het uitdruklik gesê (Luk 23:4): "Ek vind geen skuld in hierdie man nie."

Tog veroordeel hy Jesus, onder druk van die opgesweepte skare, tot die dood aan die kruis. Dit staan des te skerper uit omdat hy die rower Barabbas vrylaat.

Jesus is onskuldig veroordeel en Hy het onskuldig gesterf. Hierin is altyd iets gesien van die geheimenis dat Hy in ons plek veroordeel is en gesterf het. Ons is die skuldiges. Ons moes die regverdige oordeel van God ondergaan, maar Hy is onskuldig veroordeel terwyl Hy ons skuld gedra het.

Daarom was hierdie onskuldige veroordeling altyd vir die Christene 'n teken van hulle vryspraak, soos wat in Romeine 8:1 gesê word: "Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie."

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~